Mediaverklaring en agtergrondinligting

9 September 2009

Adonis Musati-projek: Oorsig en kort filmvertoning

Die tienderjarige Zimbabwiese vlugteling Tafadswa Mashagwa het gisteraand beskryf hoe hy in sakke en bokse onder Kaapstad se brûe geslaap het, in vullisblikke vir kos rondgekrap het en uiteindelik in die hospitaal beland het weens wanvoeding voordat die nie-winsgewende organisasie, die Adonis Musati-projek (AMP) hom gevind het.

Hy het gisteraand by die bekendstelling van die AMP op die kampus van die Universiteit van Kaapstad gepraat waar die projekleiers beskryf het hoe hulle 'n reaksie op die vlugtelingkrisis nastreef "waarop Suid-Afrika trots kan wees". Hulle het ook 'n kort film deur die TV-regisseur Anna Telford gewys met die titel "A better life."

Die AMP het die afgelope twee jaar duisende vlugtelinge bygestaan. Die organisasie is vernoem na Adonis Musati, 'n jong Zimbabwiër wat in Kaapstad aan verhongering dood is terwyl hy gewag het dat sy aansoek om asiel verwerk word. In daardie stadium het hy twee weke lank niks gehad om te eet nie.

Diep ontsteld dat so 'n tragedie ongemerk in die middel van een van die lewendigste en vooruitstrewendste stede in Afrika kan plaasvind het Gahlia Brogneri en Terry Hodson die AMP gestig om ondersteuning en bystand te verleen aan Zimbabwiese vlugtelinge wat asiel soek.

"Hoe ons as nasie reageer op die menslike lyding van die vlugtelinge wat Suid-Afrika binnestroom op soek na hulp, hang dikwels af van ons eie situasie. Die onlangse xenofobiese geweld is rede tot ernstige kommer, maar die nasionale kultuur van *ubuntu* verwarm mens se hart," het Brogneri gesê. "Elke mens sal op 'n ander manier reageer op die probleem wat nie sal weggaan nie en op so 'n manier hanteer moet word dat dit tot voordeel sal wees van almal wat 'n lewensbestaan nastreef en vir hul gesinne wil sorg."

...../2

Tot op hede het die AMP duisende vlugtelinge bygestaan met kos, klere, opleiding en huisvesting. Daar is nou 300 vlugtelinge in hul sorg, wat tot onafhanklikheid gehelp en gelei word, en talle ander nader hulle weekliks .

Tot dusver is vlugtelinge in enige beskikbare struktuur gehuisves. 'n Halfweghuis op 'n stukkie landbougrond tussen Kommetjie en Vishoek het onlangs beskikbaar geraak en is nou die tuiste van 12 jong vlugtelingseuns wat deur die projek gehelp word om weer op hul voete te kom. Hulle het enkele dae gelede saam het hul huisouers, ook Zimbabwiese vlugtelinge, in die huis ingetrek.

"Hierdie seuns, wat alleen na Suid-Afrika gereis het, het geen ander plek om te bly nie. Tieners is die kwesbaarste groep en as hulle op straat gelos word, word hulle by allerhande kriminele bedrywighede betrek. Van hulle is alreeds deur die proses," het Gahlia gesê.

Soortgelyke skuilings word vir ander kwesbare groepe benodig – gestremdes, enkelouers en weduwees. Die AMP sal ook graag opleidingsprojekte wil begin om die vlugtelinge entrepreneursvaardighede te leer en hulle so in staat te stel om tot die plaaslike ekonomie by te dra.

"Hierdie mense se behoeftes is eenvoudig. Hul onmiddellike behoeftes is kos, klere – veral skoene – komberse en skuiling. Vir baie van hierdie mense wat geldloos en verhonger hier aankom na 'n uitputtende tog is die enigste skuiling onder 'n brug op die strandgebied, waar hulle byeenkom.

Tien vrywilligers bestuur die AMP, en 'n verdere 20 help wanneer moontlik. Elke sent wat hulle ontvang word gespandeer om die vlugtelinge te help. Kantoorruimte in Soutrivier is gratis verskaf en net die onontbeerlike kantoorbestuurder, die Zimbabwiese vlugteling Barbara Zhungu, word betaal uit 'n drie maande lange borgskap.

"Wanneer 'n 15 –jarige kind duisende kilometer aflê, getraumatiseer, beroof en geslaan word en alleen is, en hy sê sy enigste wens is om geld huis toe te kan stuur na sy broers en susters want daarsonder sal hulle doodgaan, bedoel hy dit werklik," sê Brogneri. "Dit is 'n massiewe las vir enigiemand om te dra, wat nog te sê vir 'n kind."

*Om meer uit te vind oor die **Adonis Musati-projek** of om te help – óf as 'n vrywilliger óf deur die skenking van kos, klere of geld – kontak Gayle by 082 902 8781of gayle@adonismusatiproject.org of kyk by www.adonismusatiproject.org.*

EINDE

Gedagtes van 'n AMP-helper, Emily Westerlund

"Elke dag wat ek in die AMP-kantoor deurbring verskaf meer redes hoekom ek hier moet wees om te help. Maar eers onlangs, soos jonger en jonger vlugtelingseuns by die kantoor aangemeld het, het die erns van die vlugtelingkrisis en die belangrikheid om te help my werklik getref. Soos die seuns hul verhale begin vertel het, het my mond letterlik oopgeval en het teruggedink aan wat ek op hul ouderdom gedoen het.

"Op 16 het ek op agter in die klas saam met my vriende sit en giggel terwyl Tafa alleen in Kaapstad was, deur bendelede met 'n mes gesteek en beroof is van die geld wat 'n dak oor sy kop sou verseker. Op 17 het ek duur dansklasse geneem terwyl Douglas die grens oorgesteek het terwyl hy die koeëls van aankomende soldate probeer ontduik het. Op 18 het ek 'n saam met my ouers universiteite besoek om te kies uit die baie opsies beskikbaar, terwyl Christiaan in die strate buite Binnelandse Sake gebly het terwyl hy desperaat gesukkel het om asieldokumente te kry.

"Dit is kinders waarvan ons praat. Hulle het sulke traumatiese ervarings beleef wat selfs 'n volwassene hom nie kan indink nie. Hulle het van een verwoestende ondervinding na die volgende gegaan – en steeds hou hulle aan. Met die motivering, intelligensie en vasberadenheid wat ek by hulle gesien het, sou hulle lankal geleenthede gehad het as hulle byvoorbeeld in die VSA was.

"My belewing van 'n wêreld met sulke ongelykhede is die rede hoekom ek Kaapstad toe gekom het – om my ondervindings uit 'n bevoorregte lewe in die VSA te neem en te probeer om 'n stukkie daarvan aan 'n vlugtelingkind wat ly te gee.

Verhale van sommige van die jongelinge aan wie die AMP hulp verleen:

Tapiwe – Ek het Kadoma op 5 Mei vanjaar verlaat met R700. Ek is 15, albei my ouers is dood en ek het werk gesoek om na my jonger suster om te sien. By Beitbrug het ek twee mans ontmoet wat R150 gevra het om my te help om oor die grens te kom. Ons het na die Suid-Afrikaanse kant gegaan waar daar twee ander mans was wat veronderstel was om my tot by die N1 te kry. Hulle wou al my geld hê of hulle sou my opfoeter. Daarna het ek niks gehad nie. Hulle het my op die N1 gelos. Ek het van 9 nm. tot omtrent 4 vm. die volgende dag na Messina gestap. Daarna het ek nog 41 km sonder sukses op die plase rondgeloop om werk te soek. 'n Wit man het pleisteraars kom soek en hoewel ek nie geweet het wat om te doen nie, het ek gesê ek weet hoe. Hy het my R150 betaal en op die trein na Pietersburg gesit. Daar het nog 'n wit man my na 'n groot plaas geneem waar ons R500 per maand betaal is. Daar is ek gesê ek is te jonk en dat ek sou moes gaan. Ek het die 71 km terug na Pietersburg gestap. Uiteindelik het ek 'n trein na Kaapstad gehaal, waar ek gehoor het dat mense onder die Culemborg-brug slaap. Dit is hoe Gahlia my gevind het.

Douglas Abel – Ek het Gokwe in Zimbabwe saam met my neef verlaat. Ons het R600 gehad. Toe ons aan die Suid-Afrikaanse kant van die grens gekom het, het ons soldate gesien en 'n rukkie lank vir hul weggekruip. Verder aan het ons in 'n wildpark beland. Diere wat soos koeie gelyk het, het na ons toe begin hardloop. Ek was baie bang. Ons het 'n gat in die heining gevind en deurgekruip sonder dat ons geweet het daar is soldate aan die ander kant. Hulle het op ons begin skiet, dus het ons teruggekruip in die park waar ons weer die diere teëgekom het. Ons het in die park geslaap. Die volgende dag het ons verder deur die park gestap. Ek was baie bang en kwaad en het met my neef baklei omdat ons verdwaal was. Ons het langs die treinspoor beland waar die polisie ons gevang het en na die vlugtelingkamp in Messina geneem het. Ons het die volgende dag ons dokumente gekry en 'n werk in Louis Trichardt gekry. My neef het teen my gedraai en het 'n klompie bendelede gekry om my en 'n paar ander aan te val. Hulle het ons geld en ons besittings gesteel, dus het ons weggehardloop. My neef waarmee ek saam uit die huis weg is, het hierdie optrede beplan. Ander mense het gesê ons sal werk in Kaapstad vind. Nog 'n neef het gesê hy sal vir ons 'n plek kry om te bly in Kaapstad. Toe ons in Kaapstad aangekom het, is hy weg Khayelitsha toe om vir ons 'n kamer te vind, maar dit was die laaste wat ons van hom gesien het tot vandag. Ons het gehoor van die Culemborg-brug en dit is hoe Gahlia en Terry ons gevind het.

Antony – Ek het my landelike tuiste van Chiredzi saam met my vriend verlaat. Tussen ons het ons R600 gehad. Ons het geryloop en twee geleenthede gekry. Toe die tweede motor gebreek het, het ons 'n padteken gesien wat gesê het dat Messina 81 km ver was. Ons het begin stap, al 13 van ons. Langs die pad het my vriend flou geval. Ek het na 'n naburige dorpie gegaan waar ek water gesoek het om hom by te bring. Hulle het ook 'n bietjie kos aan ons verkoop en toe was my vriend beter en kon ons voortgaan. Ons het 'n taxi gehaal, maar by 'n padblokkade is ek uitgesonder omdat ek vuil en verwaarloos was. My vriend het in die taxi weggekruip. Die polisie het gesê ek moet 'n plan maak. Ek het hulle R30 aangebied, maar hulle het dit geweier. Ek moet toe vir hulle die R100 gee wat ek oorgehad het. Hulle het my op 'n bus na Johannesburg gesit waar ek vir vyf maande in die Metodiste-kerk gebly het. Een keer het ek 'n deeltydse werk gekry en genoeg geld gekry vir 'n treinkaartjie Kaapstad toe. Almal by die kerk het gesê daar is werk in Kaapstad. Dit is hoe ek by die Kaapstad-stasie aangekom het waar ek aangesê is om na die Culemborg-brug te gaan, waar Gahlia en Terry my gekry het.

Einde